Bybel vir Kinders

bied aan

Jesus die Goeie Leermeester



Geskryf deur: Edward Hughes
Ge-illustreer: Byron Unger; Lazarus
Aangepas deur: E. Frischbutter; Sarah S.
Vertaal deur: Yvette Brits
Alastair Paterson
Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

BFC
PO Box 3
Winnipeg, MB R3C 2G1
Canada

©2020 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.



Jesus was 'n goeie Leermeester – die beste ooit. Skare het na Hom geluister. Jesus het hulle vertel om genadig, gehoorsaam en goedhartig te wees.

Ander mag hulle haat en hulle seermaak maar God sal na hulle omsien.

3



Jesus het die mense baie dinge geleer. Hy het gesê dat God se mense die werêld verlig soos 'n kers 'n huis verlig. Wat 'n verskil maak 'n kers in 'n donker kamer.

4

Die mense met wie Jesus gepraat het, het in wraak geglo, "'n Oog vir 'n oog, 'n tand vir 'n tand." Maar Jesus het hulle geleer van goedhartigheid, vergewensgesindheid en liefde, tot teen hulle vyande.



5

In Jesus se dae het mense voor gegee om heilig te wees. As hulle geld gegee het aan bedelaars het hulle iemand op 'n trompet laat blaas sodat almal kon sien. "Doen jou goeie dade in geheim, en God sal jou beloon," het Jesus gesê.

6

Jesus het hulle dieslfde geleer oor gebed. Party mense het om besige straat hoeke gebid sodat almal hulle kon hoor en sien. Hulle het nie regtig omgegee oor God nie. Hulle het net omgegee wat ander mense van hulle dink. Jesus het hulle skynheilg genome – hulle was valse akteurs.

7

Jesus het baie keer voorbeelde uit die natuur gebruik om mense te leer. Hy het byvoorbeeld na die voëls gewys. "Julle hemelse Vader voed hulle," het Hy gesê. "Moenie bekommerd wees nie. God sal julle ook voed."

8

"Tot die ryk Koning Salomo was nie so goed aangetrek soos die lelies nie," het Jesus aangegaan. "As God die gras van die veld klee sal Hy jou nie ook klee nie?" Jesus het mense geleer om God te vertrou vir alle hulle behoeftes.

9

"As jy jou broer veroordeel is dit soos om 'n splinter uit sy oog te haal terwyl daar 'n balk in jou eie oog is," het Jesus gesê. Miskien het party mense gelag hieroor. Maar hulle moes dink oor Sy betekenis.

10

Jesus het gesê mense moes vir God se hulp vra. Gee aardss Vaders hulle kinders klippe om te eet as hulle vir brood vra? Nee! Hulle gee goeie dinge. God gee ook goeie dinge vir die mense wat daarvoor vra.

11

Jesus die groot leermeester, het ons gewaarsku teen valse leermeesters. "Hulle trek aan soos skape," het Jesus gesê. "Maar aan die binnekant is hulle wolwe!" Hy het gesê valse leermeesters sal geken word aan die lewe wat hulle gelewe het.

12

In 'n storie wat Hy vertel het, het Jesus gewys dat mense wat God se Woord gehoorsaam soos 'n man is wat sy huis op 'n rots gebou het. 'n Groot verskrikle storm het uitgebreek. Toe dit verby was het die huis nog steeds ferm gestaan.

13

Maar 'n dwase man het sy huis op sand gebou. Toe die storm uitbreek oor die huis het dit uitmekaar geval as gevolg van die swak fondasie. Jesus het gesê dat mense wat nie God se word gehoorsaam nie soos die dwase man is.



14

Die skare was verstom oor Jesus se woorde. Hulle het nog nooit vantevore hierdie boodskappe gehoor nie. Nou het hulle geweet dit is nie net genoeg om God se word te hoor nie, hulle moet dit ook elke dag gehoorsaam.

15

Jesus die Goeie Leermeester

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Matteus 5-7, Lukas 6

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

16

Die Einde

42 60

17

Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is, se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag! Johannes 3:16

18